SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2019

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

*XECOA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Beantwoord vrae in volsinne. Die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde moet voldoen aan die kognitiewe vereistes van die vrae.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

6. Lees AL die vrae sorgvuldig deur.

7. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

8. Laat 2–3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as antwoorde tot die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1−1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 1.1.9 B.

1.1.1 Motornywerheid is ŉ tipiese voorbeeld van ŉ onderneming in ŉ … mark.

A monopolisties mededingende
B volmaakte
C monopolie
D oligopolie

1.1.2 Die totale hoeveelheid van ŉ goed of diens wat deur die hele mark, teen ŉ sekere prys oor ŉ periode van tyd gekoop sal word.

A Besigheidsvraag
B Hoeveelheid-vraag
C Markvraag
D Individuele-vraag

1.1.3 … vind plaas wanneer die regering eienaarskap van ŉ besigheid in die privaatsektor oorneem.

A Privatisering
B Nasionalisasie
C Demokratisering
D Bevoordeling

1.1.4 Prysplafon staan ook as … bekend.

A maksimum prys
B minimum prys
C minimum loon
D welvaart

1.1.5 Wanneer werkers nie benodig word om nuwe tegnologie te bedryf nie, is hulle … werkloos.

A struktureel
B seisoenaal
C siklies
D wrywings

1.1.6 … veroorsaak ŉ daling in die vraag na arbeid omdat arbeid deur masjinerie vervang word.

A Arbeidsintensiewe produksie
B Meganisasie
C Kapitaalintensiewe produksie
D Arbeidsmag deelnamekoers

1.1.7 Hierdie Wet beskerm werkgewers in alle afdelings van die ekonomie, ongeag of hulle deel van ŉ vakbond is of nie.

A Wet op Arbeidsverhoudinge
B Wet op Gelyke Indiensname
C Wet op Basiese Diensvoorwaardes
D Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid

1.1.8 Die … streef daarna om die lewenskwaliteit van mense in die SAOG streek te verbeter, deur finansiële en nie-finansiële investering in die sosiale en ekonomiese infrastruktuur sektore te dryf.

A SARB
B Handelsbank
C Landbank
D OBSA (8 x 2) (16)

1.2 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Ewewigspunt | A | goedere wat tesame met ander goedere gebruik word |
| 1.2.2 | Komplementêre goedere | B | dit hou gewoonlik met die vlakke van mense se inkome verband |
| 1.2.3 | Skaarsheid | C | gesaghebbende liggaam oor vaardigheidsontwikkeling in sekere ekonomiese sektore |
| 1.2.4 | Meriete goedere | D | is die basiese probleem wat alle mense van alle nasies in die wêreld in die gesig staar |
| 1.2.5 | Lewenstandaard | E | probeer die verhouding tussen werkgewers en werknemers reguleer |
| 1.2.6 | Onder-indiensname | F | wanneer ’n persoon minder ure of dae werk as wat hulle bereid is om te werk |
| 1.2.7 | Vakbonde | G | goedere en dienste wat deur die hele gemeenskap benodig word om hulle welvaart te verbeter |
| 1.2.8 | SOOO (SETA) | H | goedere wat soortgelyk is |
| | | I | waar die vraag- en aanbodkurwes mekaar sny |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Die waarde van enige alternatief wat jy moet opgee wanneer jy 'n keuse uitoefen

1.3.2 'n Diagram wat 'n kombinasie van twee verskillende goedere wat geproduseer kan word met die gegewe beskikbare beperkte hulpbronne wat aangebied word, toon

1.3.3 'n Ekonomie waar al die produksiefaktore deur die regering besit word

1.3.4 'n Geforseerde aflegging van werkers deur 'n onderneming, gewoonlik om op hulle salaristjeks te besnoei

1.3.5 Die beweging van werkers van streek tot streek of land tot land

1.3.6 Hulle kombineer grond, arbeid en kapitaal ten einde uitset te produseer (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE voordele van subsidies. (2 x 1) (2)

2.1.2 Watter impak sal die toetrede van nuwe produsente tot die mark hê? (2 x 1) (2)

2.2 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**INVLOED VAN MARKPRYS OP BEIDE KOPERS EN VERKOPERS**




[Aangepas uit *Common sense Economics eBook*]

2.2.1 Noem EEN faktor wat die vraag na ŉ produk kan beïnvloed. (1)

2.2.2 Hoe word pryse in ŉ vryemarkekonomie bepaal? (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die term *aanbod.* (2 x 1) (2)

2.2.4 Beskryf die ruilwaarde soos in bostaande spotprent uitgebeeld. (2)

2.2.5 Hoekom hel vraagkurwes afwaarts van links na regs? (4)

2.3 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**INDIREKTE BELASTINGS**




Indirekte belasting dek 'n verskeidenheid van belastings soos BTW. Daar kan geargumenteer word dat die toename in die BTW-koers die grootste aankondiging in die 2018 Begrotings-oorsig was, as dit uit 'n belasting-perspektief beskou word.

Besighede is verantwoordelik vir betaling van BTW aan die regering, maar hulle kan dit afskuif op verbruikers of hulle klante deur BTW by die koste van die goedere en dienste te voeg, soos op die faktuur aangedui.
BTW – Belasting op toegevoerde waarde

[Aangepas uit www.expectica.com. Toegang op 16 Junie verkry.]

2.3.1 Wat is die huidige BTW-koers in Suid-Afrika? (1)

2.3.2 Noem enige ander soort indirekte belasting, behalwe BTW. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *indirekte belasting.* (2)

2.3.4 Verduidelik *welsyn* as een van die metodes van owerheidsinmenging. (2)

2.3.5 Hoe dra verhoogde belastingkoerse tot die daling in die gemeenskap se lewenstandaard by? (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik die *wet van dalende grensnut*, met behulp van 'n grafiek met volledige byskrifte. (8)

2.5 Evalueer die gevolge van die implementering van minimum lone. (4 x 2) (8)
**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE soorte werkloosheid. (2 x 2) (2)

3.1.2 Hoe belangrik is die Werkloosheidsversekeringsfonds? (2 x 1) (2)

3.2 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**GERINGE AFNAME IN WERKLOOSHEIDSKOERS**

Suid-Afrika se werkloosheidskoers het afgeneem met 0,4 persentasie-punte sedert 27,5% in die derde kwartaal van 2018 tot 27,1% aan die einde van die jaar. Dit is volgens die Kwartaallikse Arbeidsmag-opname. Hierdie opnames word elke drie maande gedoen en meet veranderinge in die arbeidsmag van kwartaal tot kwartaal oor ’n lang tydperk. Daar is 38,1 miljoen mense in die werkende ouderdom (15–64) in die land en uit hierdie aantal is 16,5 miljoen in diens, 6,1 miljoen werkloos en 12,6 miljoen is nie ekonomies aktief nie, as gevolg van ’n verskeidenheid redes wat insluit dat hulle ontmoedig is om verder werk, sonder enige sukses te soek.

[Aangepas uit *Mail&Guardian*, 13 Feb 2019]

3.2.1 Waarvoor staan die afkorting EBB? (1)

3.2.2 Watter instelling stel die bostaande werkloosheidsyfers bekend? (1)


3.2.3 Beskryf kortliks die begrip *werkloosheidskoers.* (2)

3.2.4 Tot watter soort sosiale probleme kan werkloosheid lei? (2)

3.2.5 Gebruik die bostaande inligting om die werkloosheidskoers te bereken. Toon ALLE berekeninge. (4)

3.3 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Identifiseer die ewewigsloonkoers. (1)

3.3.2 Wat sal die arbeidsurplus, volgens die grafiek wees? (1)

3.3.3 Definieer kortliks die begrip *arbeidsmark*. (2)

3.3.4 Wat sal die invloed op die mark wees as die grootte van die bevolking toeneem? (2 x 1) (2)

3.3.5 Hoekom is dit belangrik vir werknemers om by vakbonde aan te sluit? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek/Tabuleer kortliks konvensies wat noodsaaklik is om beter toestande in die werkplek te verseker. (4 x 2) (8)

3.5 Hoe kan die regering die toestand van gemarginaliseerde groepe in Suid-Afrika verbeter? (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van ŉ indifferensie-kurwe. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe kan lone die vraag na arbeid beïnvloed? (2)

4.2 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**HANDELSMERK-VERTROUE EN MARKAANDEEL**



Veronderstel jy gaan na ŉ groentemark om tamaties te koop. Daar is baie tamatie verkopers en kopers. Jy gaan na ŉ verkoper en doen navrae oor die prys van 1 kg tamaties. Die verkoper sê: 'Dit sal R10 kos'. Dan gaan jy voort en vra ook nog ander verkopers. Die prys van al die verkopers is dieselfde vir die hoeveelheid aangevra.

[Aangepas uit http://keydifferences.com. Toegang op 16 Junie verkry.]

4.2.1 Watter markstruktuur word deur bostaande spotprent voorgestel? (1)

4.2.2 Identifiseer EEN kenmerk van die markstruktuur waarna in bostaande uittreksel verwys word. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks ŉ *monopolie*. (2)

4.2.4 Verduidelik kortliks heterogene produk as ŉ eienskap van onvolmaakte markte. (2)

4.2.5 Hoe sal die afwesigheid van mededinging die ekonomie beïnvloed? (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**BEDINGINGINSRAAD**

Die voormalige Generaal Sekretaris van die Federasie van Vakbonde van Suid-Afrika (Fedusa), Denis George se afdanking is nou in die hande van die KVBA (CCMA). Die federasie het George afgedank oor bewerings van korrupsie, wat die aankoop van aandele in ŉ kontroversiële maatskappy, Ayo Technologies, behels. Die maatskappy word beskuldig van ongerymdhede wat by die Openbare Korporasie se ondersoek blootgelê is. George sê in ŉ dokument dat die prosedure van sy afdanking onregverdig is, want die voorsittende beampte wat die aantygings teen hom ondersoek het en hom skuldig bevind het, deur dieselfde prokureurs gehuur was wat die ondersoek ingestel het.

[Aangepas uit Eyewitness News, June 2019]

4.3.1 Waarvoor staan KVBA? (1)

4.3.2 Waarom, volgens die uittreksel, word George se afdanking as onregverdig beskou? (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die begrip *bedingingsraad*. (2)

4.3.4 Hoekom het die Arbeidsappèlhof hoër magte as die Arbeidshof? (2)

4.3.5 Wat sal die resultate van ŉ onsuksesvolle bemiddelingsproses wees? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek enige interne redes waarom ŉ PMK uitwaarts sal beweeg. (8)

4.5 Hoe suksesvol is Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) met betrekking tot die regstelling van ongelykhede wat deur apartheid teweeggebring is? (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die volgende twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ʼn Goeie begin sal wees om ʼn begrip of sleutelwoord wat in die vraag gebruik word, te definieer.<br>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:**<br>Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/ Vergelyk / Evalueer/Onderskei/Assesseer/Debatteer. | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:**<br>Gee jou eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer Krities/Teken ʼn grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer | Maks. 10 |
| **Slot:**<br>Enige toepaslike hoër-orde slot wat die volgende insluit:<br>• ʼn Kort opsomming van wat bespreek of ontleed is, sonder om reeds genoemde feite in die inhoud te herhaal.<br>• Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is.<br>• Addisionele ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk.<br>• ʼn Teenstrydige sienswyse met motivering, indien so verlang.<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die faktore wat die aanbod van produkte beïnvloed. (26 punte)
- Hoe sal ʼn styging in die prys van petrol produsente en verbruikers beïnvloed? (10 punte)

**[40]**

**OF**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die elemente van makro-ekonomiese aanpassings onder die volgende opskrifte:
  - Ekonomiese prestasie
  - Indiensname
  - Inkome-ongelykheid (26 punte)
- Waarom sal die regering nuwe entrepreneurs daadwerklik aanmoedig? (10 punte)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou